Klein en fyn of groter en ietwat growwer deur slegs dikker garing te gebruik — dié baadjie is baie aanpasbaar



# Baba-baadjie

**BENODIGDHEDE:** *Blou of pienk Pingouin Golden Age of Pingouin Carousel indien 'n kleiner baadjie gebrei moet word, maar enige 3- of 4-draadgaring kan egter gebruik word saam met breinaalde van 3 mm of 3,25 mm; 3 knopies; hekelpen om by dikte van garing te pas.*

**AFKORTINGS:** *r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); m 1 – maak een steek; tes – tesame; herh – herhaal.*

**L.W.** *Die baadjie word aaneen gebrei in 'n eenvoudige gaatjiespatroon. Daar word van voorpantstrook tot voorpantstrook gebrei, en die skouerstuk en mouboordjies word gevorm deur kort rye reksteek te brei.*

**AANWYSINGS:** Stel 75 ste op en brei een ry r (20 ste vorm die skouerstuk).
**1e ry:** r 55 ste, laat 20 ste ongebrei, draai.
**2e ry:** r terug oor dié 55 ste.
**3e ry:** r 1, (m 1, r2 tes) 26 keer, r 2, draai.
**4e ry:** r terug oor dié ste.
**5e ry:** r tot laaste 2 ste, laat die 2 ste ongebrei, draai.
**6e ry:** r terug.
**7e ry:** r tot laaste 20 ste, laat dié 20 ste ongebrei, draai.
**8e ry:** aw terug.
**9e en 10e ry:** r oor alle ste.
Dié 10 rye vorm die patroon. Herhaal dit nog 8 keer (dus 9 pat-herh vir voorpant).

**EERSTE MOU:** Brei 41 ste en plaas op stekehouer. Stel 41 ste op in plaas van ste op stekehouer en hou op breinaald, brei heen en weer soos tevore, maar brei slegs die eerste 10 ste van elke alternatiewe ry om die mouboordjie te vorm. Brei 10 pat-herh vir mou.

**AGTERPANT:** Heg 41 ste af en tel die ste van stekehouer op, brei voort op dié 75 ste, 17 pat-herh vir agterpant.

**TWEEDE MOU:** Soos eerste mou.

**TWEEDE VOORPANT:** Soos eerste, brei 9 pat-herh. Heg af.

**AFWERKING:** Werk sy- en mounate toe. Hekel 'n randjie om skouerstuk- en halsrand, maak 3 knoopsgate. Werk knopies teenoor knoopsgate aan. Hekel 'n koordjie om deur gaatjies rondom halsrand te ryg. ●